testpapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

## NOVEMBER 2013

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (30 punte) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (20 punte) |
| AFDELING C: | TAAL | (30 punte) |
| AFDELING D: | DIGKUNS | (20 punte) |

2. Beantwoord ALLE vrae in AFDELINGS A, B, C en D.

3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

6. Laat ŉ reël tussen die antwoorde oop.

7. Skryf netjies met blou of swart ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

### TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

**WORD JY VINNIG KWAAD? PASOP!**



1. Is jy een van daardie mense wat vinnig "snap" – jou humeur verloor en sommer net wil weghardloop? Pasop, sê kenners, jy moet leer om met hierdie emosie saam te werk.

2. Om kwaad te word, is nie verkeerd nie, en dit is ŉ gesonde deel van elke mens se lewe. Hoe jy kwaad word, is egter soms verkeerd. Kwaad word en woede is emosies en emosies is unieke reaksies op gebeure of interaksies met mense of jou omgewing wat aangenaam of onaangenaam ervaar word. Jou emosies is hóé jy met alles rondom jou kommunikeer – dit is dus baie belangrik om te leer hoe om jou emosies, veral jou woede, te beheer.

3. "Woede is ŉ sekondêre reaksie," sê Ronel du Toit, voorligtingsielkundige by die Universiteit van Pretoria, "jy moet kyk wat lê agter jou woede". Dit is algemeen onder tieners dat hul woede opgekrop word – jy sluk jou kwaai gevoelens keer op keer totdat dit só in jou opbou dat jy jou oorgee aan woede. "Dit is belangrik dat jy agterkom wat jou kwaad maak en dit daar en dan te konfronteer. Moenie laat dit binne-in jou opbou nie – jy gaan nie jou reaksies daarna kan keer nie," sê Du Toit.

4. Daar is menigte situasies wat ŉ mens kwaad maak – en as ŉ sneller optree vir woede. Jy kan dit gewoonlik met ŉ "ek-boodskap" verduidelik:
   - Ek is kwaad
   - Ek voel verneder
   - Ek word gedreig
   - Ek word seksueel misbruik
   - Ek voel magteloos omdat ...

   Let op wanneer jy kwaad raak, en wanneer jy woedend raak – wanneer 'snap' jy die vinnigste? Jy sal gewoonlik ŉ patroon begin raaksien. Is dit omdat jy honger of dors is? Of irriteer ŉ spesifieke situasie jou altyd? Dalk stres jy oor volgende week se eksamen.

5. "Wanneer jy die snellers identifiseer en raaksien, kan jy probeer om dit te vermy," sê Du Toit. Jy moet versigtig wees wanneer jou kwaai-emosies oorgaan na woede. "Dan skop jou veg, vlug of vries-reaksie in en jy kan nie meer logies dink nie. 'n Woorde-oorlog ontstaan dan en dit moet jy vermy, want in 'n oorlog is daar altyd 'n verloorder."

6. "Onthou dat jy altyd 'n keuse het," sê Du Toit, "Jy kan fisies baklei, weghardloop, in trane uitbars, die persoon sleg sê, iemand kry om jou te help, ensovoorts. Of jy kan selfgeldend reageer en die situasie probeer oplos. Dit kan slegs gedoen word deur 'n oop en eerlike gesprek te voer met die ander persoon." Jy moet altyd probeer om die vrede te bewaar – hetsy die konflik met jou ouers, onderwyser of vriend is.

7. As jy sukkel met woede-uitbarstings of voel dat jy gereeld uitermatig kwaad word, is dit 'n goeie idee om met 'n onderwyser of sielkundige daaroor te gesels. Hulle kan jou leer hoe om die woede te beheer en anders op te tree in die situasies wat jou laat oorkook.

[Verwerk uit *Jip*, 8 September 2012]

**VRAE:**

1.1 Haal 'n enkele woord uit die opskrif aan wat gebruik word om 'n mens te waarsku. (1)

1.2 Verduidelik wat bedoel word met die woord "*snap*" in paragraaf 1. (1)

1.3 Sê of die volgende stelling WAAR/ONWAAR is:

1.3.1 Dit is 'n sonde om kwaad te wees. (1)

1.3.2 Haal 'n frase uit paragraaf 2 aan om jou antwoord in VRAAG 1.3.1 te bewys. (1)

1.4 Watter raad gee Ronel du Toit in paragraaf 3? (2)

1.5 Wat doen tieners gewoonlik wanneer hulle kwaad word? (1)

1.6 Waarom, volgens paragraaf 3, is dit gevaarlik vir tieners om hulle emosies te laat opbou? (1)

1.7 Kies die antwoord wat die volgende vraag korrek beantwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.7) en die antwoord (A–D) neer.

Watter ander gevoelens ontlok gewoonlik 'n gevoel van woede?

A Magteloosheid
B Vernedering
C Beide A en B
D Geeneen van bogenoemde nie (1)

1.8 Gee ŉ woord in paragraaf 5 wat min of meer dieselfde betekenis het as die woord argument. (1)

1.9 Noem in EEN volsin wat jy kan doen om probleme tussen jou en iemand anders op te los. (paragraaf 6) (2)

1.10 Watter TWEE mense, volgens paragraaf 7, kan hulp vir woede aanbied? (2)

**TEKS B: STROKIESPRENT**




1.11 Op watter webtuiste kan hierdie prent gevind word? (1)

1.12 Gee die naam en van, van die skrywer van "*Idees vol Vrees*". (1)

1.13 Wat kan bo-op hierdie televisiestel gesien word? (1)

1.14 Wie, volgens jou, kyk gewoonlik na sepies op televisie? (1)

1.15 Verduidelik die verskil in betekenis tussen die volgende twee frases:

1.15.1 ŉ Sepie **op** televisie (1)

1.15.2 ŉ Sepie **op die** televisie (1)

1.16 1.16.1 Het sepies, volgens jou, enige opvoedkundige waarde? (1)

1.16.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 1.16.1. (1)

## TEKS C: VOORBLAD VAN TYDSKRIF




[*Huisgenoot*, 22 November 2012]

**VRAE:**

1.17 Watter tydskrif, volgens die voorblad, is Suid-Afrika se nommer een tydskrif? (1)

1.18 Haal 'n ENKELE WOORD aan wat bewys dat Jasper, die plaasboer, baie intelligent is. (1)

1.19 Wat is die waarde van die prys wat in die Nissan-kompetisie gewen kan word? (1)

1.20 Wat word bedoel met: "Bieber-drama"? (1)

1.21 Verklaar die betekenis van die frase:

"Dit breek my hart." (1)

1.22 1.22.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

"Amor se artikel het ook in ander tydskrifte verskyn." (1)

1.22.2 Haal EEN woord aan om jou antwoord in VRAAG 1.22.1 te motiveer. (1)

1.23 Noem EEN manier waarop Amor vir Joost van hulp is. (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: WAT KAN JY DOEN OM ’N GELUKKIGE MENS TE WEES?

- Som **SEWE dinge op wat van jou ’n gelukkiger mens kan maak.**
- Som die **WENKE in SEWE** goeie sinne op.
- Skryf jou SEWE SINNE onder mekaar neer en nommer die sinne **2.1–2.7**.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Laat ’n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as **75 woorde** skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

**TEKS D**

**WENKE OM JOU GELUK TE VERSEKER**

1. Moet jy ’n lang lys goed voor ’n groot toets leer? Soms keer stres dat jy dinge gedoen kry; daarom is dit belangrik om te ontspan. Soek ’n stil plekkie waar jy gemaklik kan sit en konsentreer op jou asemhaling.

2. Het jy stry gekry met jou beste maat? Dink ’n bietjie na oor jou reaksie op die situasie. Hoekom is jy kwaad? Gaan sit dan saam met iemand met wie jy openhartig kan gesels en praat oor die saak en hoe jy daaroor voel. Soms moet jy net jou hart uitpraat as jy van negatiewe emosies ontslae wil raak.

3. Afleiding help altyd wanneer jy jou stresvlakke wil laat daal. Kry iets om jou aandag van jou probleme af te lei. Doen iets produktiefs wat jou die bevrediging sal laat smaak dat jy iets bereik het of laat ’n snaakse fliek of goeie boek jou meevoer.

4. Voel jy effens paniekerig oor jou groot afspraak vanaand? Oefening is ’n wonderlike manier om senuagtigheid te laat verdwyn en die endorfiene wat dit jou liggaam laat afskei, sal jou laat goed voel.

5. Jy het hartseer wakker geword en jy is allesbehalwe lus om te glimlag, maar dwing jouself om breed te glimlag wanneer jy by mense verbystap – jy sal verbaas wees oor hoe vinnig daardie glimlag in ’n spontane een verander, veral as iemand terugglimlag.

6. Dink aan ’n paar goeie dinge wat vandag gebeur het. Selfs iets doodgewoons kan jou help opbeur, soos jou gunsteling-gereg of ’n maat wat jou vrolik groet. As jy op iets positiefs fokus, sal die swartgalligheid vinnig verdwyn.

7. Beur jouself op deur iemand anders te help. Goeie dade laat die gewer én die ontvanger beter voel. Help jou ma met die skottelgoed of doen welsynwerk vir ’n liefdadigheidsorganisasie – dit kan iets kleins of groot wees.

(10 x 2) **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3

## TEKS E: TYDSKRIFARTIKEL

Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel hieronder gebaseer. Die nommering in die artikel verwys na woorde wat uitgelaat is en die vraagnommer wat beantwoord moet word.

VERSKONING OM ’N **3.1** **(VRIENDIN)** SE FUNKSIE MIS TE LOOP

**3.2** **Dit is nooit koel om vir jou vriend te 3.3 (jok) nie.** Selfs al is jy **3.4** **(100)** persent seker hulle sal op geen manier uitvind nie, moet jy steeds oop kaarte speel.
**3.5** **Was jy nie lus om te gaan nie?** **3.6** **Het jy met ander vriende uitgehang?** As jy ’n geldige rede het waarom jy die **3.7** **(partytjie/parteitjie)** misgeloop het, is dit geen probleem nie. Maar as dit ’n flou verskoning is en jy het eintlik op die nippertjie ’n beter uitnodiging gekry, dink oor hoe jy sou voel as dit met jou gebeur het. Sy gaan beslis ontsteld wees omdat jy haar partytjie misgeloop het. Jy sal haar moet toelaat om **3.8** **(stoom af te blaas)** voor jy verskoning vra.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 28 Julie 2012]

**VRAE:**

3.1 Gee die **MEERVOUD** van die onderstreepte woord in die volgende sin. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Jy dink verskonings uit om talle **vriendin** se partytjies mis te loop. (1)

3.2 Skryf die volgende sin oor in die **TOEKOMENDE TYD**:

Dit is nooit koel om vir jou vriend te jok nie. (2)

3.3 Verskaf ’n **SINONIEM** vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as ’n antwoord neer.

Dis nooit koel om vir jou vriende te **jok** nie. (1)

3.4 Skryf die getal **100** in woorde uit. (1)

3.5 Watter **sinsoort** is die volgende sin?

Was jy nie lus om te gaan nie? (1)

3.6 **Beantwoord** die volgende vraag en begin soos aangedui.

Het jy met ander vriende uitgehang?

Begin soos volg: **Nee**, ek ... (1)

3.7 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Sy gaan beslis ontsteld wees omdat jy die **(partytjie/parteitjie)** misgeloop het. (1)

3.8 Verduidelik kortliks wat bedoel word met die onderstreepte frase.

Jy sal haar moet toelaat **om stoom af te blaas.** (1)

HOU NIE VAN 'N VRIENDIN SE UITRUSTING NIE

Nou ja, 'n minirok vol blinkertjies met volstruisvere vir moue val dalk nie in almal se smaak nie, maar dis jou vriendin se funksie en sy kan so uitspattig wees as wat sy wil. Soms lyk dit asof haar **3.9 (klere/kleure)** ongestryk is. **3.10 (Wees skaam om saam met haar gesien te word)**; jy moet trots wees dat jou vriendin soveel selfvertroue het. Maar as dit nou 'n vleisrok soos Lady Gaga s'n is ... wel, dis 'n heel ander storie!

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 28 Julie 2012]

3.9 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Soms lyk dit asof haar **(klere/kleure)** ongestryk is. (1)

3.10 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNENDE VORM**:

Wees skaam om met haar gesien te word. (2)

JALOERS OP 'N VRIENDIN SE GEWILDHEID

**3.11 Jaloesie is 'n lastige ding!** En as dit met vriende te doen het, kan dinge **3.12 (lelik)** raak. As jou vriendin al die aandag kry en dit jou pla, haal diep asem en hou op jou tyd en energie mors **3.13 …** iets wat jy nie kan beheer nie. Dink eerder aan al **3.14 …** positiewe eienskappe en al die redes waarom jy koel is! Al wat jy kan doen is om jouself te wees – kry dit reg en kort voor lank is jy Mej. Gewild.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 28 Julie 2012]

3.11 Skryf die volgende sin oor in die **VERLEDE TYD**:

Jaloesie is 'n lastige ding! (1)

3.12 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

As dit met vriende te doen het, kan dinge **lelik** raak. (1)

3.13 Vul die ontbrekende **VOORSETSEL** in die volgende sin in.
Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Hou op jou tyd en energie mors ... iets wat jy nie kan beheer nie. (1)

3.14 Vul die ontbrekende **VOORNAAMWOORD** in die volgende sin. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Dink eerder aan al … positiewe eienskappe en al die redes waarom jy koel is. (1)

| JY STEEK JOU **3.15 (<u>REPORT</u>)** VIR JOU OUERS WEG |
|---|
| Jy het jou skoolreport vir die kwartaal gekry en dit lyk nie goed nie; daarom steek jy dit al 'n week lank onder jou **3.16 (kussing)** weg. **<u>3.17 (Jy kan dit bly wegsteek. Jou ouers gaan die een of ander tyd daarvan uitvind.)</u>** Dis dalk nie die beste uitslae wat jy al gekry het nie, maar praat met jou ouers daaroor en sê vir hulle jy gaan harder werk. **3.18 (As hulle jou uitvang gaan hulle jou dalk nie met ander dinge vertrou nie.)** Onthou, om eerlik te wees, is altyd die beste oplossing. Hulle sal jou dan toelaat om **3.19 (<u>Vrydag</u>)** uit te gaan. |
| [Verwerk uit *Huisgenoot*, 28 Julie 2012] |

3.15 Gee die korrekte **Afrikaans vertaling** vir die volgende onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Jy steek jou **<u>(report)</u>** vir jou ouers weg. (1)

3.16 Gee die **VERKLEININGSVORM** van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Jy steek dit al 'n week lank onder jou **<u>kussing</u>** weg. (1)

3.17 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD**.

Jy kan dit bly wegsteek.

Jou ouers gaan die een of ander tyd daarvan uitvind. **(dog)** (2)

3.18 Vul die ontbrekende **LEESTEKEN** in die volgende sin in.

As hulle jou uitvang gaan hulle jou dalk nie met ander dinge vertrou nie. (1)

3.19 Gee die **AFKORTING** van die onderstreepte woord. Skryf slegs die afkorting as antwoord neer.

Hulle sal jou dan toelaat om (**<u>Vrydag</u>)** uit te gaan. (1)

**[22]**

**TEKS F: STROKIESPRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




3.20 Wat is die **figuurlike betekenis** van die woord, **stokperdjie,** in die prentjie?

Skryf slegs die antwoord neer. (1)

3.21 Voltooi die volgende **idiomatiese uitdrukkings** deur die ontbrekende woord in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die belangrik om `'n stokperdjie te hê, want ledigheid is die ... se oorkussing. (1)

3.22 Skryf die sin oor en vul die korrekte **leesteken** in.

Wat is jou stokperdjies (1)

3.23 Skryf die volgende sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Jy moet asseblief aan sport deelneem. (2)

3.24 Gee die **samestelling** van die woord tussen hakies. Skryf slegs die WOORD as antwoord neer.

Die kinders oefen gereeld op die **(sport + veld).** (1)

3.25 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM.** Begin jou antwoord met die onderstreepte woorde.

Hy het <u>die bal</u> rondgegooi. (2)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: DIGKUNS

### VRAAG 4

Lees die onderstaande gedigte noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### TEKS G: GEDIG

**My hart is ’n hamburger – Jaco Jacobs**

Ek spaar vir ’n kitaar om my songs
vir jou te speel. My sad en silly songs
wat ek net vir jou wil sing. Dis die enigste
rede waarom ek naweke waiter.
Maar vroeër vanaand was jy
onverwags saam met
hom
hier by die Spur en sommerso
on the spur of the moment het ek
my hart in ’n hamburger bun voor jou
neergesit (tjips, geen uieringe) en gesê:
“Lekker eet.”

Skryf slegs die korrekte letter langs die gepaste vraagnommer neer.

4.1 Die titel: “My hart is `’n hamburger” is ’n voorbeeld van ...

A vergelyking.
B metafoor.
C personifikasie.
D Nie een van bogenoemde nie. (1)

4.2 Die herhaling van die h-klank in die titel: “My **h**art is ’n **h**amburger”, noem ons …

A alliterasie.
B assonansie.
C paarrym.
D kruisrym. (1)

4.3 Die feit dat die spreker vir ’n kitaar spaar, beteken dat …

A hy baie van musiek hou.
B hy nie baie van musiek hou nie.
C hy ’n kelner by Spur is.
D hy nie op die oomblik die geld het om vir hom ’n kitaar te koop nie. (1)

4.4 Die korrekte Afrikaanse woord vir "songs" (versreëls 1 en 2) is ...

A sangers.
B liedjies.
C sanger.
D musiek. (1)

4.5 Watter woord in die gedig sê vir ons dat die spreker die "songs" spesifiek vir hierdie persoon wil sing?

A "net"
B "enigste"
C "onverwags"
D "sommerso" (1)

4.6 Waarom "waiter" die spreker oor naweke?

A Hy is mal oor hamburgers.
B Hy wil genoeg geld verdien om ŉ kitaar te koop.
C Die spreker wil ekstra geld verdien.
D Nie een van bogenoemde nie. (1)

4.7 Waarna verwys "Spur" in versreël 8?

A ŉ Kroeg
B ŉ Winkel
C ŉ Restaurant
D ŉ Apteek (1)

4.8 "... on the spur of the moment" (versreël 9) beteken.

A Hy het haar by Spur ontmoet.
B Hy wil haar graag uitneem vir ete.
C Op die ingewing van die oomblik.
D Hierdie oomblik in Spur is baie belangrik. (1)

4.9 Hoe dink jy voel die spreker oor die meisie?

A Hy is dolverlief op haar.
B Hulle albei hou van musiek.
C Hy hou glad nie van haar nie.
D Beide B en C. (1)

## TEKS H: TAYLOR SWIFT – KOBUS GROBLER

**Taylor Swift**
*Vir Liesbet*

jy herhaal
haar woorde van melancholie
vir die soveelste keer

weer

en nou ná heeldag lank
se periodes skoolwerk
en pouses
alleen
se draal in die liedjie
val jy met die skooluniform taai van skool
skoene uitgeskop
op die bed neer
sing jy die woorde
van haar nuutste CD
gelaai in MP3
snik
huil
grens
jy

want vir die eerste keer
in die spieël
met jou pa se oë vol trane
verstaan jy
weet jy
hoekom bome hulle blare verloor

4.10 Aan wie is die gedig opgedra? (1)

4.11 Wie het die gedig geskryf? (1)

4.12 Wie is Taylor Swift? (1)

4.13 Strofe 1 bestaan uit 3 versreëls. Wat word hierdie soort strofe genoem? (1)

4.14 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 1 aan wat sê dat die leerder die liedjie se woorde baie herhaal. (1)

4.15 Waar was die persoon die hele dag? (1)

4.16 Watter tyd kry ons gewoonlik tussen periodes op skool wat as ŉ rustyd vir leerders dien? (1)

4.17 Wat doen die leerder as sy na skool by die huis aankom? Noem DRIE dinge. (3)

4.18 Haal ŉ ENKELE WOORD uit die gedig aan as bewys dat die musiek van Taylor Swift die spreker baie hartseer laat voel. (1)

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**